

Keuse van regte onkruidodder deurslaggewend



Die uitdaging vir Suid-Afrikaanse sojaboonboere is om die huidige gemiddelde opbrengs van minder as 3 ton per ha te verdubbel en om in die groeiende binnelandse vraag na sojaboonprodukte, soos oliekoek en saadolie, te voorsien.

Sojaboonproduksie in Suid-Afrika is in 'n steil groeikurwe en teen 2021 behoort dit na raming ongeveer 40% te bereik van die landoppervlak wat dan met mielies beplant sal wees. Volgens die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (www.bfap.co.za; Agricultural Outlook: 2012-2021) kan meer as 2 miljoen ton soja teen 2021 geoes word op 900 000 ha.

Die doeltreffende bestryding van onkruid is een van die belangrikste praktyke wat betekenisvolle groei in sojaboonopbrengste kan bewerkstellig.

Selfs in Argentinië, Brasilië en Amerika waar die grond en klimaat in die algemeen minder beperkend as in Suid-Afrika is, word die doeltreffende bestryding van onkruid as noodsaaklik geag.

Altesaam 24 onkruidodders (aktiewe bestanddele) is in Suid-Afrika vir gebruik by sojabone geregistreer. Elf bestry hoofsaaklik grasse, vyf bestry breëblaaronkruid en agt bestry gras- en breëblaaronkruid. Dertien van die middels is vir vooropkombestryding geregistreer, nege vir bestryding ná opkoms en twee vir bestryding voor en ná opkoms.

Op die oog af kan dit lyk asof daar oorgenoeg onkruidodders is om onkruid by sojabone doeltreffend te bestry, maar 'n mens moet in ag neem dat nie al die middels binne 'n bepaalde

REGS BO: Goeie bestryding van geeluintjies met glifosaat wat ná opkoms by glifosaat-verdraagsame sojabone toegedien is.

REGS ONDER: Purperwinde is 'n groot probleem by sojabone omdat dit verdraagsaam is teen verskeie onkruidodders en deur die hele groeityd opkom.

INLAS: Dr. Charlie Reinhardt

groepering van gebruik dieselfde spektrum van onkruid bestry nie. Daar is groot verskille in onkruidsoorte tussen klimaatsones, streke, distrikte, plase en selfs tussen lande op 'n plaas.

GEVOELIGSTE

Soos die meeste ander gewasse is sojabone die gevoeligste vir mededinging van onkruid kort ná opkoms tot rofweg vier weke ná opkoms, asook vanaf die aanvang van die reprodutiewe fase (blomvorming, bestuiwing, saadset). In die ander groeifases kan die gewas sterk met onkruid meeding, mits dit vinnig 'n digte blaredak ontwikkel.

Die mate waarin onkruid met die gewas om groeifaktore, soos water, voedingselemente en lig, kan meeding, hang af van die tipe onkruid en hul getalle, aangesien onkruidsoorte baie wissel wat mededinging betref.

Daarby sal onkruid die sterkste meeding wanneer groeifaktore beperkend raak, soos tydens droogte en 'n lae voedingstatus van grond, of wanneer die gewas

onder stremming is weens swak verbouingspraktyke, siektes of as gevolg van die onderprestasie van *Rhizobium*-bakterië.

VOOR PLANTTYD

Onkruidodders wat voorplanttyd toegedien word, is ideaal vir die vermindering van onkruidsoorte en -getalle tydens die vroeë groeifase. Gewilde onkruidodders vir voorplant-toediening is glifosaat, 2,4-D en parakwat.

Al drie het min tot geen aktiwiteit nadat dit in kontak met grond gekom het nie, maar vir sekere produkte met hierdie aktiewe bestanddele word wagtydperke gestel voordat die gewas met veiligheid geplant kan word (volg etiketvoorskrifte).

Verskeie ander middels is geregistreer vir gebruik met of kort ná planttyd voordat die gewas opkom.

Onkruidodders vir toediening in hierdie kritieke stadium sluit in asetamiede (soos alachlor, metolachlor), diklosulam, dimetenamied-P, flumetsulam en imazetapier. Die ideaal is dat die nawerking van so 'n onkruidodder lank genoeg moet wees om die mededinging van die onkruid met die gewas so lank moontlik te beperk.

In geenbewerkingstelsels is daar nie die opsie van meganiese onkruidbestryding (skoffel) nie en gevolglik is die bestryding van onkruid ná opkoms totaal afhanklik van onkruidodders. In glifosaat-verdraagsame soja-

bone is glifosaat-onkruidodder die voorkeurmiddel. Dit bestry die wydste onkruidspektrum tot in 'n laat groeistadium van die gewas. Sodoende word onkruid bestry wat die vooropkom-onkruidodder(s) ontsnap het, asook onkruid wat tot laat in of deur die hele seisoen opkom, soos kleinskraalhans (*Conyza bonariensis*), purperwinde (*Ipomoea purpurea*) en kruisvingergras (*Digitaria sanguinalis*).

Gewasse wat verdraagsaam van glifosaat-onkruidodder is, het onkruidbestryding in GM gewasse, soos glifosaat-verdraagsame sojabone, baie vereenvoudig en ekonomieser gemaak.

Afhanklikheid of die oormatige gebruik van 'n enkele onkruidodder, met spesifiek slegs een meganisme van werking, bevorder die ontwikkeling van onkruidweerstand.

Dit is redelik maklik om hierdie enorme probleem te vermy mits die riglyne vir onkruidweerstandbestuur nougeset toegepas word. Hierdie riglyne is vrylik beskikbaar by maatskappye wat onkruidodders vervaardig of verkoop.

Meld onkruid- en onkruidodderprobleme aan by die skrywer van hierdie artikel. **LBW**

Dr. Charlie Reinhardt is buitengewone professor in onkruidwetenskap aan die Universiteit van Pretoria, en dekaan van die Villa Academy; tel. 083 442 3427; e-pos: dr.charlie.reinhardt@gmail.com.

